



Agulhas Biodiversiteits-Inisiatief

Opsomming van

Goeie Praktyk Riglyne
vir die
Volhoubare Ontginning
van
Inheemse Wilde FynBos Hulpbronne



Inhoud

1. Inleiding
2. Doelstellings
3. Volhoubare Ontginnings-Riglyne, Vereistes & Aanwysers
 - Riglyn 1 Bewaring van Biodiversiteit
 - Riglyn 2 Volhoubare Gebruik van Wilde Fynbos Hulpbronne
 - Riglyn 3 Voldoening aan Wetlike Regulasies
4. Volhoubare Plaas Bestuursplan vir Grond-eienaars
5. Etiese Riglyne
6. Gevolgtrekking

1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse regering het in 2000 'n ambisieuse langtermyn program waardeur 'n verteenwoordigende monster van die land se natuurlike biodiversiteit beskerm en bewaar moet word, geloods. In die Wes-Kaap is hierdie program deur C.A.P.E. (Cape Action for the People and the Environment) ge-implimenteer. Die C.A.P.E. strategie lui 'n langtermyn visie in vir die bewaring van biodiversiteit in die Kaapse Blommeryk, en is hiervoor 'n aksie-plan saamgestel om strategiese prioriteite vir bewaring te bepaal.

Die Agulhas Biodiversiteits-inisiatief (ABI) is een van die aanvullende Global Environmental Fund (GEF) inisiatiewe wat deur C.A.P.E. ondersteun word en daarop gemik is om metodiese, institusionele en individuele kapasiteit te bou. Uit hierdie kapasiteit moet bewaring van ekologiese en sosio-ekonomiese toestande volhou word. Die Suid Afrikaanse Nasionale Parke (SanParke) is ge-identifiseer as die implementerings-agent van die Agulhas Biodiversiteits-inisiatief namens C.A.P.E.

ABI bring bewarings-organisasies, plaaslike owerhede, staatsdepartemente, bewaringsgebiede en grondeienaars, nie-regerings-organisasies en skenkers byeen om saam te werk om 'n veilige en gesonde natuurlike omgewing te skep wat voordele "vir almal vir altyd" binne die Overberg inhou.

Die volhoubare ontginnings-beginsels en -riglyne is deur ABI omskryf, met die Flower Valley Bewaringstrust (FVCT) wat getaak is om dit te fasiliteer en te implementeer.

FVCT is 'n nie-regerings-organisasie sonder winsoogmerk, en is in 1999 gestig met befonding vanaf Fauna and Flora International. Die doelstelling van FVCT berus daarop om alternatiewe maniere van bewaring daar te stel sodat privaat grondeienaars wat natuurlike fynbos velde besit, dit kan bewaar en beskerm. Hiermee ondersoek FVCT die toepassing van bewaringsbeginsels om so die bestaansgehalte van mens en omgewing te verbeter.

FVCT poog om 'n katalisator vir verandering te wees, en inisieer projekte wat die doelstellings van die organisasie bevorder deur betrokkenheid by die privaatsektor, grondeienaars en ander belanghebbendes. Binne die ABI-projek mik FVCT daarna om die openbare beeld en mark-posisionering van Volhoubaar-ontginde Wilde Fynbos te ontwikkel deur dit as 'n herkenbare en lewensvatbare alternatief vir ander vorme van grondgebruik in die area te vestig, en sodoende by te dra tot biodiversiteits-bewaring in die Kaapse Blommeryk. FVCT mik ook hier na besigheids-ontwikkelingstrategieë vir gemeenskaps-bemagting.

2. Doelstellings

Suid Afrika, en spesifiek die Kaapse Blommeryk, voer blomme uit na oral in die wêreld. Hoewel sommige variëteite formeel verbou word, word baie wilde fynbos op gereelde basis uit natuurlike populasies ge-oes. Teen 1990 is geskat dat 75% van alle fynbos uit die veld (hoofsaaklik in die Wes Kaap en meer spesifiek die Overberg) ge-oes word, maar meer onlangse navorsing toon dat dit nou net minder as 60% van die totale fynbos-aanbod beloop.

Die afgelope jare het beide die plaaslike- en uitvoer-mark vir vars fynbos baie uitgebrei, met gepaardgaande hoër druk op natuurlike populasies. Hierdie druk het oor-benutting van

sommige fynbos-spesies tot gevolg gehad, en in sommige gevalle selfs daartoe gelei dat sekere spesies op die rand van uitwissing staan.

Suid Afrika het verskeie wette en regulasies wat die benutting van natuurlike hulpbronne beheer (o.a. die Nasionale Omgewingsbestuurswet, en die Natuurbewarings Ordonansie). Voorts voorsien Kaapse Natuurbewaring (CapeNature) ook verdere provinsiale regulasies in die Wes Kaap via die Nature Conservation Laws Amendment Act. Hierdie wysigingswet reguleer die uitreiking van permitte vir oes en uitvoer van fynbos-produkte. Die praktyke van oes word hierin egter beperk tot die verbod op die pluk van sekere flora, met geen riglyne vir volhoubare benutting nie.

Die Kritiese Ekosisteem Vennootskaps-fonds (Critical Ecosystem Partnership Fund) het toe gedurende 2004 riglyne ten opsigte van die volhoubare oes van bedreigde fynbos spesies gepubliseer. Hierdie fonds het kritiese gapings in die beheerstelsel hieromtrent geïdentifiseer, onder meer dat die volhoubare oes-limiete vir meeste fynbos spesies steeds onbekend of onduidelik is. Aanbevelings wissel vanaf om een blom per vierkante meter grondspasie te laat, tot laat minstens 50% van huidige jaar se blomme onge-oes, tot laat 75% van blomme op elke plant (afhangend van spesie).

Die doelwit van FVCT, onder beskerming van ABI, is dan om volhoubare ontginnings-riglyne gerig op die wilde fynbos bedryf te ontwikkel en te implimenteer. Die beginsels en riglyne wat in hierdie dokument vervat word, poog om die impak van oes op wilde fynbos spesies te verklein en te monitor sodat dit nie die herstel- en/of produksie-kapasiteit daarvan oorskry nie.

Die doelwitte van hierdie riglyne is:

- Om te verseker dat biodiversiteit bewaar word waar pluk-praktyke plaasvind.
- Om 'n praktiese en deelnemende handleiding wat 'n balans tussen ekologiese en omgewings-voordele bewerkstellig sonder om blom-producente te ontmoedig om deel te neem aan die projek.
- Om 'n stelsel daar te stel wat oor tyd ontwikkel en verbeter kan word.
- Om 'n stelsel daar te stel wat deurlopende verbetering in omgewings-prestasie aanmoedig.
- Om 'n stel riglyne daar te stel wat aan die verbruiker, die algemene publiek en die wetenskaplike gemeenskap die vertroue bied dat oes-praktyke, indien dit binne die grense van hierdie riglyne plaasvind, volhoubaar is.
- Om 'n stel riglyne daar te stel wat eenvoudig en maklik implementeerbaar is.

Sleutel-dienste wat deur FVCT voorsien word is:

- Moniteringsprogram
- Mentorskap program
- Mark-ontwikkeling
- Navorsing

Die moniteringsprogram het ten doel om die impak van veldpluk op die beskikbare populasies op eiendomme wat toeganklik vir plukkers is, te bepaal. Hiervoor word 'n databasis vir CapeNature deur FVCT ge-administreer waarin pluksyfers en ander relevante data soos Hulpbrongetalle-opnames en die Kwesbaarheids-indeks opgeneem word. Deelnemende uitvoer-agente, pakstore en produsente het internet-toegang tot hierdie stelsel om verpoelde sowel as individuele inligting te onttrek. Toegangsvlakke word met individuele wagwoorde beheer om sensitiewe inligting te beskerm.

Die mentorskap-program is daargestel om aanvanklike ondersteuning aan nuwe deelnemers te verleen en sodoende sertifisering binne die Volhoubare Ontginningsprojek te verkry. Hier word op die implimentering van die riglyne soos in hierdie dokument vervat, en gepaardgaande opleiding, gefokus, sowel as bystand met besigheids- en finansiële vaardighede.

Aangesien huidige mark-kragte nie 'n verhoogde prys op wilde fynbos sal akkommodeer nie, sal produsente van wilde fynbos wie aan die Volhoubare Ontginningsprojek deelneem, slegs deur middel van verhoogde volumes enige inkomste-voordele kan verkry. Ten einde die vraag na hierdie gesertifiseerde fynbos te stimuleer, word mark-ontwikkeling deur FVCT gefokus op die bemerking van die handelsmerk van gesertifiseerde volhoubaar-ontginde fynbos.

Navorsingsprojekte word deur FVCT geloods om die bestaande provinsiale bewarings-regulasies vir die benutting van flora hulpbronne te beïnvloed en te versterk. Dit sluit in ondersoeke na die impak van oes op wilde fynbos spesies, om die kwesbaarheids-status van individuele spesies te bepaal, en soeke na koste-effektiewe maniere om verstoorde, onproduktiewe en indringer-besmette gronde te herstel deur fynbos te hervestig.

3. Volhoubare Ontginnings-Riglyne, Vereistes & Kontroles

3.1 Riglyn 1 Bewaring van Biodiversiteit

Bepalende en deurlopende stappe vir die beskerming en herstel van biodiversiteit, veral vir kwesbare en bedreigde spesies, moet geneem word.

3.1.1 Maatstaf

Karakter-eienskappe van ekosistels en natuurlike habitate van bestuurde spesies behoort gehandhaaf te word.

3.1.1 Vereistes

Identifiseer die grense en bestuurs-sones van die eiendom deur:

- Die grense van die eiendom op 'n kaart aan te dui.
- Die eiendom in bestuurs-sones te verdeel en so op die kaart aan te dui.
- 'n Lid van die plukspan (bv spanleier) moet die grense van die eiendom en die bestuurs-sones op die kaart sowel as in die veld kan identifiseer.
- 'n Lid van die plukspan (bv spanleier) moet hul pluk-ligging vir die gegewe dag op die kaart kan identifiseer.

3.1.1 Kontroles

- Duidelik-afgebakende grense in die veld.
- Kaart van plaas-grense en bestuurs-sones.
- Bestuurs-sones gemerk
- Bewys van opleiding.

3.1.2 Maatstaf

Genetiese veranderlikheid van flora, fauna en mikro-organismes moet gehandhaaf word.

3.1.2 Vereistes

- Klassifiseer oesbare spesies volgens die Kwesbaarheids-indeks as Geen Oes Toegelaat ("no go") tot Monitor Benutting.

- Skade aan nie-teiken spesies moet voorkom word (bv voertuig-bewegings in veld, pluk van nie-teiken spesies, vertrapping, misbruik van onkruid-doders en plaagbeheermiddels).
- Berei 'n lys voor van alle oesbare spesies volgens die flora permit vir die eiendom, en voeg mark-vereistes wat steel-lengte, aantal knoppe en blom-stadium by pluk betref, by.
- Klassifiseer oesbare spesies volgens hul verspreiding per bestuurs-sone per eiendom.
- Identifiseer en baken 'n verteenwoordigende monster van populasies van oesbare spesies in een uitsluitingsblok per eiendom permanent af.

3.1.2 Kontroles

- Plukkers moet die oesbare spesies op die eiendom kan identifiseer.
- Plukkers moet bewus wees van die verskillende vlakke van kwesbaarheid van oesbare spesies op die eiendom.
- Pluk van Geen Oes Toegelaat (“no go”) spesies is ontoelaatbaar.
- Geen skade aan nie-teiken spesies word toegelaat.
- 'n Gemerkte kaart met bestuurs-sones wat die Uitsluitingsblok aandui moet beksikbaar wees.
- 'n Gedetailleerde lys van alle oesbare spesies wat ook mark-vereistes aandui, is per sone per plaas beskikbaar.

3.2 Riglyn 2 Volhoubare Gebruik van Wilde Fynbos Hulpbronne

Die doel is om te verseker dat die benutting van 'n spesie of ekosistiel nie hoër is as sy herstel- en/of produksie kapasiteit is nie.

3.2.1 Maatstaf

Om te verseker dat wilde fynbos ge-oes word op so 'n wyse dat die impak op individuele populasies so klein as moontlik is.

3.2.1 Vereistes

- As 'n versigtige benadering moet slegs tot 50% van die blomhoofde vir die spesifieke jaar van 'n plant verwyder word.
- Geen oes binne een jaar voor 'n beplande brand.
- Geen oes van hersaaiers tussen 1 -5 jaar na 'n brand.
- Korrekte oes-toerusting moet gebruik word (bv snoei-skêre of sekels).
- Oes-toerusting moet in goeie werkende toestand wees (bv skerp).
- Sny teen 'n hoek van 45° met die steel.
- Geen snitte in die ou groei van 'n plant.
- Laat draers van $\geq 100\text{mm}$ met gesonde blare by hersaaiers.
- Geen breek of ontworteling (uittrek) van plante.
- Plukkers, Toesighouers en/of Kontrakteurs moet 'n erkende Volhoubare Oes Opleidingskursus voltooi.
- Bindtouw moet in 'n geslote houer vervoer word.
- Plukkers moet bindtouw en ander afvalmateriaal en rommel vanuit die pluk-area verwyder.

3.2.1 Kontroles

- Skoon snitte teen 45° met die steel.
- Slegs tot 50% van jaarlikse blomhoofde verwyder.

- Geen tekens van ontworteling of brekasie van plante.
- Plukkers is opgelei.
- Geen rommelstrooiery in veld.

3.2.2 Maatstaf

Die benutting van natuurlike hulpbronne moet ondersteun word deur bestuurs-dokumente.

3.2.2 Vereistes

- 'n Daaglikse pluk-rekord moet in die veld deur die spanleier bygehou word met detail van datum, spesies, werklike aantal gepluk, aantal bestel, bestuurs-sone waarin gepluk is en naam van eiendom.
- 'n Volledige faktuur of afleveringsnota moet uitgeskryf word wanneer die geplukte materiaal vervoer of verkoop word. Die volgende inligting moet verskyn:
 - Datum van aflewering
 - Naam van verskaffer
 - Naam van persoon wie aflewering doen
 - Naam van koper
 - Name van Spesies
 - Naam van eiendom waar die spesies gepluk is
 - Aantal stele of gewig per spesie
 - Flora Lisensie nommer
 - Naam van persoon wie die besending ontvang
- Die daaglikse pluk-rekord moet maandeliks opgesom word met die volgende inligting hierin vervat: datums gepluk, spesies, werklike aantal gepluk, aantal bestel, bestuurs-sone waarin gepluk is en naam van eiendom en permit nommer.
- Maandelikse opsommings van volledige pluk-rekords moet binne 14 dae na die betrokke maand-einde aan die data-basis administrateur (CapeNature of sy aangewese agent) deurgegee word in 'n formaat soos ooreengekom.
- Pluk-rekords, afleveringsnota's en fakture moet vir minstens drie finansiële jare geberg word.

3.2.2 Kontroles

- Daaglikse pluk-rekords beskikbaar.
- Faktuur- en/of Afleveringsboek beskikbaar met alle relevante inligting aangeteken.
- Maandelikse pluk-rekords beskikbaar.

3.3 Riglyn 3 Voldoening aan Wetlike Regulasies

Voldoening aan alle toepaslike wetgewing en regulasies is 'n grondbeginsel vir die wettige bedryf van 'n besigheid en sy pogings om mark-toegang vir sy produkte te verkry.

3.3.1 Maatstaf

'n Besigheid behoort bewus te wees van en te voldoen aan alle nasionale en provinsiale wetgewing wat betrekking het op die volhoubare gebruik en handel van produkte en dienste wat uit biodiversiteit verkry is.

3.3.1 Vereistes

- Die plukker moet in besit wees van 'n geldige CapeNature flora lisensie vir elke pluk-area, en dit op versoek kan vertoon.
- Alle geplukte spesies moet op die geldige flora lisensie gelys word.
- Die plukker moet alle wetgewing met betrekking tot die flora lisensie verstaan.

- Die plukker moet hou by alle omgewings- en ander wetgewing wat op sy besigheid betrekking het.

3.3.1 Kontroles

- ‘n Geldige CapeNature flora lisensie vir elke pluk-area.
- Goeie begrip van regulasies betreffende die flora lisensie.

4. Volhoubare Plaas Bestuursplan vir Grond-eienaars

Die Plaas Bestuursplan sal die volgende afdelings insluit:

- 4.1 Die Volhoubare Oes van Fynbos-produkte (hierdie aspek is reeds breedvoerig in Afdeling 3 hierbo hanteer).
- 4.2 Infrastruktuur onderhoud (pad-onderhoud, afval-beheer, erosie-beheer).
- 4.3 Indringer Plant-beheer en Rehabilitasie van veld.
- 4.4 Brandbestuur (o.a. Veld-ouderdom kaart) en Lidmaatskap van Brandbeskermings-vereniging.

5. Etiese Riglyne

Die verkryging van Etiese Handel (Ethical Trade) sertifisering sal as ‘n derde fase (na die implimentering van Volhoubare Oes-riglyne en ‘n Volhoubare Plaas Bestuursplan) aangepak word. Hierin sal ‘n verantwoordelike houding jeens werknemer-veiligheid en –gesondheid aandag geniet, met van die volgende aspekte as kontroles:

- Geldige aanstellingskontrakte in plek (permanente sowel as seisoenswerkers)
- Voldoening aan wetgewing wat betref Ongevalle Kommissaris, Werkloosheidsversekering, Basiese Diensvoorwaardes en Beroepsveiligheid en enige ander tersaaklike wetgewing.
- Geen dwang-arbeid of onwettige kinder-arbeid.
- ‘n Veilige en gesonde werks-omgewing, met dan ook opgeleide Noodhulp-, Veiligheids- en Brandbeheer-beamptes.
- Vryheid van assosiasie, en geen diskriminasie op grond van kleur, geslag, geloof, politiek ensovoorts met ‘n kultuur van onderlinge respek en geen skending van regte, en ‘n regverdige dissiplinêre kode en demokraties-verkose werkerskomitee.
- Deurlopende indiens-opleiding

6. Gevolgtrekking

Hierdie dokument en alle praktiese aksies wat hieruit voortvloei, moet dan ook as ‘n opsomming van onvoltooide werk (“work in process”) beskou en hanteer word. Soos meer inligting oor en begrip vir die impak van pluk beskikbaar gemaak word deur navorsingsprojekte en u eie deelname in data-insameling, sal die riglyne aangepas en verfyn kan word. Oor tyd sal die riglyne meer en meer effektief en tot voordeel van beide die omgewing en die mens toegepas kan word.